## 15 Februarie - BRING

**Skrifgedeelte: Maleagi 3:6-12**
**Fokusgedeelte: Maleagi 3:8-10**

Wanneer dit gaan oor die bring van dankoffers, dink jy dalk jou dankoffer is ’n persoonlike saak en het niks met ander mense te doen nie! Jy is halfpad reg! Jou dankoffer is ’n persoonlike saak! ’n Persoonlike saak tussen jou en die Here. Met hierdie Skriftgedeelte roep die Here elke gelowige tot persoonlike verantwoording oor hierdie saak tussen jou en Hom. Die Here vra ook vandag vir jou: Is jy nie besig om My te beroof met wat jy na My toe bring as dankoffer nie?

Die Here spreek nie die volk hier aan omdat hulle nie dankoffers gee nie, want dit is immers ’n saak wat reeds van vroeg af, al van Kain en Abel se tyd af, vasstaan! Dat ek uit dank vir die Here se stoflike en geestelike seën in my lewe vir Hom ’n deel van sy gawes sal teruggee om Hom sodoende te eer as die Gewer van alles in my lewe. Waaroor die Here wel ongelukkig is, is die feit dat die gelowiges se dankbaarheid nie volledig blyk uit die dankoffers wat hulle gee nie! Hulle gee te min! Dit lyk asof hulle glad nie die volle omvang van God se genade besef nie, en daarom gee hulle so min! Die Here voel beledig en beroof van sy eer as God wat in al ons behoeftes voorsien!

Besef ek en jy werklik die omvang van God se genade aan ons in Jesus Christus, ons Here? Dat ons deur Jesus Christus se offer aan die kruis gered is en dat ons kan deel in die volle seën van ’n lewe in en deur God? Dat ons deel het aan die ewige lewe en dat ons onder die volle seën van God se genade lewe? Dat ons elke dag mag bid en vra om die Here se seën en bewarende hand en ons verwagting daarop bou? Wat ’n onbeskryflike voorreg om so uit die hand van God te leef!

Nou vra God: Kan Ek uit jou dankoffers sien dat jy regtig dankbaar is vir alles wat Ek jou bied? As jy kyk na alles wat Ek vir jou gee, bring jy die volle maat van jou dankbaarheid na My? En nou gaan dit nie om hoeveel ’n tiende is en/of ek vandag as Nuwe-Testamentiese gelowige nog ’n tiende moet gee of nie. Al wat die Here vra, is: Kan Ek uit jou dankoffer die volle maat van jou dankbaarheid sien?

Bring jy wat jy moet bring? Dit is ’n vraag wat ek en jy persoonlik moet antwoord.

*Sing: Psalm 116:7-10 (1936)* *Ds P Venter (Potchefstroom-Oos)*